

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 46

14 November 2021

GENADE
Wat my bemagtig
(2)



Hoe kry ek genade?

“Hy laat immers Sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.” – Matt 5:45

Algemene genade

Dit is genade wat beskikbaar is vir elke mens op aarde. Elke asemteug wat ons neem en elke dag wat ons ons oë oopmaak, is algemene, onverdiende genade.

Reddende genade

Dit word geaktiveer wanneer ons ons geloof in Christus se voltooide werk plaas en by die wedergeboorte Sy heerskappy in en óór ons lewens aanvaar. Reddende genade bewerkstellig ‘n krag wat ons van sondaar na kind van God verander. Hierdie is ‘n ewige verandering, wat ons van die koninkryk van duisternis na die Koninkryk van lig oorplaas.

Heiligmakende genade

Dit word deur die Heilige Gees ná wedergeboorte in ons lewens bewerk om ons te verander om meer soos Jesus te word en te lewe. Sy krag bemagtig ons om bonatuurlike oorwinnings en standvastige veranderings te beleef. Dit hou ‘n oorwinningslewe in wat elke aspek van die lewe verander in ‘n avontuur van doelgerigheid, vreugde en vrug.

Wat doen genade?

“Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en Hy sal van julle af wegvlug.” Jak 4:6-7

Genade verander ons. Ons hoor die waarheid, dan bely ons in opregtheid die leuen as sonde, ons aanvaar in geloof dat God ons gehoor en vergewe het en begin in die nuwe waarheid lewe wat ons nou aanvaar het. Waarheid is vrymakend as ons dit aanvaar en deur geloof en God se krag begin uitleef. Die sleutel tot oorwinning is waarheid, die sleutel tot waarheid is nederigheid.

Mag jy glo en beleef dat die opstanding van Jesus ons nie net vergewe nie, maar ook waarlik vrymaak sodat ons God uit oortuiging en in liefde en sonder kompromie kan eer en gehoorsaam. – Phillip Pretorius

Dankie!

Vir God se genade in en deur Jesus Christus!

Vir die heiligmakende krag van die Heilige Gees wat verandering in ons meewerk.

Dat die covid getalle drasties gedaal het!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir die matrieks wat met eksamens besig is.
- Vir die verkiesing wat voorlê en verdraagsaamheid tussen verskillende partye.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Christa de Swart – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen Deguay – het covid en in ICU. Vir volkome genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Jaap Naude – vir volkome herstel en genesing.
- Johan Prinsloo – vir spoedige herstel
- Tannie Hester Weldhagen

Gedagte vir die week:

**Jou slegte dae is nooit so sleg dat jy buite bereik van God se genade kan val nie;
maar jou goeie dae is ook nooit so goed dat jy sy genade nie meer nodig het nie.**

Jerry Bridges

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

